3. DIE DRIE BRONSKANONNE, GEBERG UIT DIE WRAK VAN DIE *NOSSA SENHORA DA ATALAIA DO PINHEIRO*, OOS-LONDEN

*Beskrywing:*

Die drie bronskanonne geberg uit die wrak van die skip *Nossa Senhora da Atalaia do Pinheiro* naby Oos-Londen en soos volg beskryf:

(a) DIE BOCARRO-BRONSKANON:

'n Bronslandkanon deur Manuel Bocarro vervaardig in Macao, Chine, met die ooblyfsels van die helmteken van Macao daarop, synde 'n klimmende leeu met 'n kroon op sy kop, tussen die dolfynvormige hefhandvatsels en die laaigat. Aan die voorkant van die handvatsels is daar twee tappe vir die montering van die kanon en aan die dekoratiewe agterkant is daar 'n knop. Die totale lengte van die kanon is 3 910 mm en die grootste omtrek (naby die laaigat) is 1 559 mm en die kleinste (naby die bek) 817 mm. Die deursnee van die boring is 136 mm.

Die kanon is geleë te Rocklandsweg 23, Beacon Bay, Oos-Londen.

(b) DIE FEYO-BRONSSKEEPSKANON:

'n Bronsskeepskanon in Portugal deur Antonio Gomes Feyo vervaardig, met die gegraveerde voorletters AGF asook die Portugese wapenskild daarop. Die laaigatomrandings is versier en die twee hefhandvatsels is dolfynvormig. Die knopgedeelte is ook versier. Daar is twee tappe vir die montering van die kanon. Die totale lengte van die kanon is 3 103 mm en die grootste omtrek (naby die laaigat) is 1 367 mm en die kleinste (naby die bek) 788 mm. Die deursnee van die boring is 128 mm.

Die kanon is geleë te Bothaweg 3, Selborne, Oos-Londen.

(c) DIE BRONS- (OF GEELKOPER-) SKEEPSKANON:

'n Brons- (of geelkoper-) skeepskanon in 1638 in Portugal vervaardig. Dit het 'n wapenskild, waarskynlik dié van Portugal, etlike voorletters en die datum 1638 op sy loop. Die twee hefhandvatsels is dolfynvormig. Daar is twee tappe vir die montering van die kanon, asook 'n tou-oog. Die totale lengte van die kanon is 3 541 mm en die grootste omtrek is 1 383 mm en die kleinste 783 mm. Die deursnee van die boring is 136 mm.

Die kanon is geleë te Rocklandsweg 23, Beacon Bay, Oos-Londen.

4. GILL-KOLLEGE, SOMERSET-OOS

*Beskrywing:*

Die oorspronklike Kollegegebou (1869) en die Kollegehuis (1892), asook dié gedeelte van die Gill-Kollegegebouekompleks bekend as die Ou Bellevue-Seminarie, met inbegrip van vyf meter grond daaromheen, soos volg geleë:

(a) OU KOLLEGEGEBOU (1869):

Die restant van sekere stuk grond (nou bekend as Erf 888, Somerset-Oos), geleë in die dorp Somerset-Oos.

Transportakte 2014/1917, gedateer 28 Maart 1917 (par. 1).

3. THE THREE BRONZE CANNONS, SALVAGED FROM THE WRECK OF THE *NOSSA SENHORA DA ATALAIA DO PINHEIRO*, EAST LONDON

*Description:*

The three bronze cannons salvaged from the wreck of the ship *Nossa Senhora da Atalaia do Pinheiro* near East London, described as follows:

(a) THE BRONZE BOCARRO CANNON:

A bronze land cannon manufactured by Manuel Bocarro in Macao, China, bearing the remains of the crest of Macao, being a rampant lion with a crown on its head, between the dolphin-shaped lifting handles and the touch hole. In front of the handles there are two trunnions for mounting the cannon and at the decorated back end there is a cascabel. The total length of the cannon is 3 910 mm and the greatest circumference (near the touch hole) is 1 559 mm and the smallest (near the mouth) 817 mm. The diameter of the bore is 136 mm.

The cannon is located at 23 Rocklands Road, Beacon Bay, East London.

(b) THE BRONZE FEYO NAVAL CANNON:

A bronze naval cannon made in Portugal by Antonio Gomes Feyo, bearing the inscribed initials AGF, as well as the Portuguese coat of arms. The touch hole surrounds are decorated and the two lifting handles are dolphin-shaped. The cascabel is also decorated. There are two trunnions for mounting the cannon. The total length of the cannon is 3 103 mm and the greatest circumference near the touch hole is 1 367 mm and the smallest (near the mouth) 788 mm. The diameter of the bore is 128 mm.

The cannon is located at 3 Botha Road, Selborne, East London.

(c) THE BRONZE (OR BRASS) NAVAL CANNON:

A bronze (or brass) cannon made in Portugal in 1638. It bears a coat of arms, probably that of Portugal, some initials and the date 1638 on its barrel. The two lifting handles are dolphin-shaped. There are two trunnions for mounting the cannon, as well as a cascable. The total length of the cannon is 3 541 mm, and the greatest circumference is 1 383 mm and the smallest 783 mm. The diameter of the bore is 136 mm.

The cannon is located at 23 Rocklands Road, Beacon Bay, East London.

4. GILL COLLEGE, SOMERSET EAST

*Description:*

The original College building (1869) and College House (1892), as well as the portion of the Gill College building complex known as the old Bellevue Seminary, inclusive of five metres of surrounding land, situated as follows:

(a) OLD COLLEGE BUILDING (1869):

The remainder of certain piece of land (now known as Erf 888, Somerset East), situate in the Village of Somerset East.

Deed of Transfer 2014/1917, dated 28 March 1917 (para. 1).

(b) KOLLEGEHUIS (1892):

Sekere stuk grond, geleë te Somerset-Oos, synde 'n gedeelte van die grond toegeken aan die Trustees van Gill-Kollege (nou bekend as Erf 853, Somerset-Oos).

Transportakte 13401/1903, gedateer 12 September 1903.

(c) OU BELLEVUE-SEMINARIE:

Sekere stuk grond, synde Erf 87 (nou bekend as Erwe 11 en 12), geleë in die dorp Somerset-Oos.

Transportakte 626/1897, gedateer 1 Februarie 1897.

Sekere stuk grond, synde 'n onderverdeelde gedeelte van die erf of perseel grond gemerk 86 (nou bekend as Erf 13), geleë in die dorp Somerset-Oos, en sekere stuk grond, synde 'n onderverdeelde gedeelte van die erf of perseel grond gemerk 86 (nou bekend as Erf 15), geleë soos hierbo vermeld.

Transportakte 628/1897, gedateer 1 Februarie 1897 (parr. I en II).

Sekere stuk grond, met die geboue daarop, geleë in die dorp Somerset-Oos (nou bekend as Erf 14, Somerset-Oos).

Transportakte 627/1897, gedateer 1 Februarie 1897.

5. DIE LAERSKOOL OOST-EIND, TREVENNA, PRETORIA

*Beskrywing:*

Die eiendom met die oorspronklike gedeelte van die Laerskool Oost-Eind daarop word soos volg beskryf: Die figuur ABCDA stel 1 238 vierkante meter grond voor, synde 'n proklamasiegebied oor Erf 59 in die dorp Trevenna, distrik Pretoria, provinsie Transvaal, soos getoon op Landmeterskaart LG A4909/85, gedateer 31 Julie 1985, en geliasseer in die Kantoor van die Landmeter-generaal in Pretoria.

Sertifikaat van Verenigde Titel T29665/1972, gedateer 19 Oktober 1972.

6. KAAPS-HOLLANDSE WOONHUIS, BADSTRAAT, MONGTAGU

*Beskrywing:*

Die eiendom met die Kaaps-Hollandse woonhuis daarop, synde die Restant van Erf 251, Montagu, geleë in die munisipaliteit Montagu, afdeling Montagu, en groot 1 088 (eenduisend agt-en-tagtig) vierkante meter.

Transportakte T48407/1984, gedateer 26 September 1984.

7. HUIS BRILL, HUIS ANDREW MURRAY EN DIE TUCK SHOP, GREY-KOLLEGE, BLOEMFONTEIN

*Beskrywing:*

Die drie geboue bekend as Huis Brill, Huis Andrew Murray en die Tuck Shop, geleë op 'n gedeelte van sekere Erf 24655, in die stad Bloemfontein, administratiewe distrik Bloemfontein.

Sertifikaat van Verenigde Titel T9695/1984, gedateer 25 September 1984.

(b) COLLEGE HOUSE (1829):

Certain piece of land, situate at Somerset East, being a portion of the land granted to the Trustees of Gill College (now known as Erf 853, Somerset East).

Deed of Transfer 13401/1903, dated 13 September 1903.

(c) OLD BELLEVUE SEMINARY:

Certain piece of land, being Erf 87 (now known as Erven 11 and 12), situate in the Village of Somerset East.

Deed of Transfer 626/1897, dated 1 February 1897.

Certain piece of land, being a subdivided portion of the erf or lot of land marked 86 (now known as Erf 13), situate in the Village of Somerset East, and certain piece of land, being a subdivided portion of the erf or lot of land marked 86 (now known as Erf 15), situate as above.

Deed of Transfer 628/1897, dated 1 February 1897 (paras I and II).

Certain piece of land, with the buildings thereon, situate in the Village of Somerset East (now known as Erf 14, Somerset East).

Deed of Transfer 627/1897, dated 1 February 1897.

5. THE LAERSKOOL OOST-EIND, TREVENNA, PRETORIA

*Description:*

The property with the original part of the Laerskool Oost-Eind thereon is described as follows: The figure ABCDA represents 1 238 square metres of land, being a proclamation area over Stand 59 in the Township of Trevenna, District of Pretoria, Province of the Transvaal, as shown on Surveyor's Diagram LG A4909/85, dated 31 July 1985, and filed in the Office of the Surveyor-General in Pretoria.

Certificate of Consolidated Title T29665/1972, dated 19 October 1972.

6. THE CAPE DUTCH DWELLING-HOUSE, BATH STREET, MONTAGU

*Description:*

The property with the Cape Dutch dwelling-house thereon, being the Remainder of Erf 251, Montagu, situate in the Municipality of Montagu, Division of Montagu, in extent 1 088 (one thousand and eighty-eight) square metres.

Deed of Transfer T48407/1984, dated 26 September 1984.

7. BRILL HOUSE, ANDREW MURRAY HOUSE AND THE TUCK SHOP, GREY COLLEGE, BLOEMFONEIN

*Description:*

The three buildings known as Brill House, Andrew Murray House and the Tuck Shop, situated on a portion of certain Erf 24655, in the City of Bloemfontein, Administrative District of Bloemfontein.

Certificate of Consolidated Title T9695/1984, dated 25 September 1984.